http://sajlis.journals.ac.za/



# Book Reviews/Boekresensies

## World librarianship, its international and comparative dimension: an annotated bibliography, 1976–1992

Huq, A.M. Abdul, samest.

Dhaka: Academic Publishers
1995
ISBN 984-08-0134-1
Hardeband, 418p.
$40. 00

Die internasionale en vergelykende biblioteekkunde het, veral vanweë die rol van telematiek in die inligtingwese, die afgelope dekades sterk op die voorgrond getree. Die samesteller het met hierdie geannoteerde bibliografie 'n poging aangewend om bruikbare inligtingbronne te lys.

Net boeke, artikels en verslae wat in Engels gedruk is, is vir insluiting oorweeg. Nie-gedrukte inligtingbronne word buite rekening gelaat, onder andere omdat die samesteller veral gebruikers in die onderontwikkelde lande in gedagte het. Dié gedrukte bibliografie word andersins deur hom geregverdig vanweë die onvolledige dekking in elektroniese inligtingbanke. Die samesteller erken dat sy keuse van items vir opname as arbitrêr beskou kan word.

http://sajlis.journals.ac.za/



Huq het reeds 'n ander bibliografie gepubliseer: *Librarianship and the Third World: an annotated bibliography of selected literature on developing nations, 1960–1975* (New York: Garland, 1977, 377p.), en in sekere opsigte sit hy hierdie werk voort in sy jongste bibliografie. Altesaam 779 items is gelys en van kruisverwysings voorsien. In sommige gevalle het dié bronne voor 1976 of na 1992 verskyn.

Na twee afdelings vir algemene bronne word ses afdelings, gelys ooreenkomstig die gebruik van die Wêreldbank, aan bepaalde geografiese gebiede afgestaan. In die onderafdeling oor Suid-Afrika word twaalf bronne gelys. Aan die einde van die boek is daar drie indekse: vir die outeurs, onderwerpe en titels van die bronne.

Tikfoute en onkonsekwenthede, veral van tipografiese aard, kom voor. Dosente, studente en navorsers in die Biblioteekkunde kan dit 'n bruikbare naslaanwerk vind.

J. BEKKER
*Emeritusprofessor, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.*